

Skriflesing: Jesaja 55:1-13; Mattheus 9:35-38; Mattheus 11:25-30

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4 paragraaf 7-8**

Sing- Ps. 20:1,6,9; Ps. 142:1; Ps. 40:3

God gee werklik om vir mense. Broeder en suster ons het in Mattheus 9 geles *dat Christus vir 'n skare mense voor Hom werklik jammer gevoel het, - omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie.* Christus roep die skare later dan ook op: *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele"* Christus se houding bewys die erns waarmee God die heil van sy volk soek. God is opreg daarin. God is bewoë oor almal wat in die verbond grootword. Hy is bewoë oor almal wat die evangelie hoor.

Dit wat ons vanoggend vanuit die Dordtse Leerreëls bely maak ons werklik klein vóór die Here. Dit gaan ook daarvoor dat God Homself nie aan alle mense deur sy Woord openbaar nie. Hy doen dit aan wie Hy wil en wanneer Hy wil. Die Dordtse Leerreëls praat van **God se volledige vrye welbehae...** Waarom die Woord na sommige uitgaan en nie na almal nie lees ons Psalm 147:19-20 *Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!* Handeling 14 lees ons dat *Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel...* Dan lees ons ook in Handeling 16:6-7 dat die Here Paulus verhinder het om die Woord op sekere plekke te verkondig- *En hulle het deur die land Frigië en Galasië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig.* ⁷ *En toe hulle by Misië kom, het hulle probeer om na Bithinië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie* Dit is die Here wat bepaal waar die Woord verkondig sal word en waar nie.

Een groot vraag wat die mens seker sou kon vra is wat is God se maatstawwe. Hoe besluit die Here wie die Woord mag hoor en wie nie?! Is dit dat party mense darem wys hulle is ontvanklik vir die Woord en daarom kom die Woord na hulle? Mense wat dink hulle is dit werd dat die Woord by hulle moet uitkom. Geliefdes die standpunt van die Arminiane neig in hierdie rigting – As ons weer sou teruggaan na hfst. 1 van die Dordtse Leerreëls dan word hulle standpunt as volg weergegee en verwerp. Ons lees dit as volg- **Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie enkel en alleen die welbehae van God wat die oorsaak is waarom Hy die evangelie eerder na die een as na die ander volk stuur nie.**

Dan gaan die Arminiaanse of Remonstrantse dwaling nog verder. Hulle beweer dat party volke beter is as ander volke en dit is die beter volke wat die evangelie sal ontvang. Soos dit direk staan sê die Arminiane- **Dit gebeur omdat die een volk beter en waardiger is as die ander aan wie die evangelie nie meegedeel word nie.** M.a.w. wat die Arminiane eintlik sê dat God sal slegs sy Woord na jou laat uitgaan as jy darem wys jy is dit werd. Jy moet iets vir die Woord werd wees voor die Woord vir jou iets werd sal wees.

Wanneer die sinode van Dordrecht hier in besonder handel dan gee hulle 'n breedvoerige antwoord vanuit die Here se Woord- **Dit ontken Moses as hy die Israëliete soos volg toespreek: Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag na hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is (Deut. 10:14-15). En Christus het gesê: Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dae plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het (Matt. 11:21).**

Wanneer ons Handeling 18:10 lees dan sê die Here vir Paulus- *Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad.* Wanneer die Here sê dat Hy baie mense in hierdie stad het dan is dit nie soos die een Remonstrantse verklaarder dit sien dat die mens het reeds getoon dat hulle God ken en die Here dien en hulleself reeds bewys het dat hulle aan God gehoorsaam is nie. Dit gaan nie oor wat die mense aan God wou wys nie, maar dit gaan oor God wat bekendmaak dat daar baie uitverkorenes in daardie stad is. Paulus moet na Korinthe gaan om die Woord te verkondig dat hulle wat uitverkies is tot geloof kan kom. Geen mens/volk is voor die tyd meer werd en betoon hom/haar meer verdienstelik om wel die Woord te ontvang meer en beter as net die mens wat langs my is nie.

Dit is alleen God se besluit. Israel het alles behalwe hulleself beter as die ander volke gedra dat hulle nou meer van God se genade en gawes kon verdien. Daar is selfs 'n saak uit te maak wat Jesus bevestig dat as dit sou gaan oor verdienste dan was Israel dit minder werd as die ander volke om die Woord te ontvang. As heiden lande soos Tirus en Sidon die wonderlike dae kon sien wat wel in die Israëliese Gorasin en Bethsaida plaasgevind het, dan het daardie heiden lande hulle in sak en as sou bekeer. Hoe baie in Israel het Christus hoor

preek, hulle het Sy wonderwerke kon aanskou maar hulle het net al hoe meer hulle rug op Hom gedraai en teen in opstand gekom.

As die vraag dan geantwoord moet word op watter basis God besluit waarom sekere mense wel die Evangelie hoor en ander nie, dan lê hierdie besluit en hierdie keuse nie in die mens opgesluit nie maar net by Hom wat ons Here is. Ons kan niks meer sê nie. Laat ons dit maar net met 'n nederige en dankbare hart erken. Vêrder as dit moet ons nie wil gaan en dink ek het darem iets meer en beter aan God kon wys as hulle wat in ongeloof hierna kyk nie. Ons moet nederig erken ons wat wel die geloof ontvang het verdien dit werklik net so min as hulle wat dit nie ontvang het nie. Ons erken dit nederig maar ook dankbaar vir wat die wonderlike inhoud van die evangelie vir ons bekendmaak. Dit gaan om die beloftes wat aan ons geskenk is maar terselfdertyd is die evangelie die instrument wat die Heilige Gees gebruik om ons tot die ware geloof te bring.

Ons wat vanoggend as Nuwe-Testamentiese gelowiges hierna mag luister besef ons het selfs soveel groter voordele as hulle wat in die Ou-Testamentiese tye moes lewe. In die Ou Testament het God se roeping na baie minder mense uitgegaan as vandag. Daar was in die ark net agt geroepenes. Die verskil tussen die Ou- en die Nuwe Testament is dat Israel ook moet weet God het die onderskeid tussen Israel en die heiden volke tot 'n einde gebring. God openbaar Hom nou aan meer mense. Die verskil tussen die Ou- en die Nuwe Testament het niks met die mens en sy waardigheid te doen nie. Ook nie in die waardigheid van die een volk bo 'n ander volk nie, maar dit gaan healtyd net om God se liefde, God se welbehae. God stuur uit vrye welbehae en onverdiende liefde sy Evangelie nou aan wie Hy wil, ná watter volk Hy wil.

Ons wat hiermee in nederigheid en verwondering vóór die Here moet kom staan sal besef géén mens kan God verplig dat Hy aan sekere mense die geloof moet skenk wat ek as mens darem baie graag sou wou hê dat so 'n ander mens dit ook moet ontvang nie. In alle geval waar dit daarom gaan dat die Here aan geen mens iets skuld nie, dit is net God se reg en sy goedheid wat in alle geval vir jou en my ingesluit het, daarom kan geen mens God van enige onreg beskuldig as Hy aan ander mense nie wil gee wat Hy wel aan ons gegee het nie. Ons besef dat God is in al sy weë reg en regverdig. God kan alleen daarin geprys word dat sy genade vir u en my wel genoeg is en ek na die Here moet luister wat Hy van my verwag

sonder om die oordeel van God oor ander mense my saak te maak en te dink ek kan dit ontrafel. Moet dit hoegenaamd nie eers probeer nie!

Wat ons wel moet doen, is om paragraaf 8 baie mooi met paragraaf 7 saam te lees. Die roepstem van God moet deur ons na alle mense uitgedra word. Ons kan nie filters/ blokkeerders wil wees dat ons dink ons moet bepaal wie geroep word en wie nie! God is oor sy roeping baie ernstig. Ons moet die Woord só uitdra met die gesindheid van almal met wie ek te doen het, almal na wie God my stuur, almal moet hierdie Woord kan hoor. Elkeen wat die Evangelie hoor word in alle erns geroep. Lukas 24:47 staan dit ook dat bekering en vergewing van sondes moet in die Naam van die Here verkondig word aan *al die nasies van Jerusalem af en verder*. Elkeen moet hoor van die versoening wat daar is in Jesus Christus. So lees ons ook Op 22:17- *En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet....* Ook staan in Jesaja 45:22- *Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie* . So word die evangelie in elke erediens aan elkeen verkondig. Aan elkeen word Christus voorgehou as die versoening van ons sondes. Die baie bekende Mattheus 28:19 gee dan die duidelike opdrag- *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies...*

God is baie ernstig dat sy roepstem na alle lande volke, tale en nasies moet uitgaan. Dit alles in verband met wat die Here deur sy profeet Esegïël en deur die apostel Petrus bekendmaak. In Eseg. 18:23 vra die Here die vraag- *Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?* En dan kom later Eseg. 33 en die Here antwoord Self hierdie vraag-v.11- *So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe.* Wanneer Petrus oor die wederkoms van die Here handel dan staan dit nog wéér in lyn met Esegïël – 2 Pet.3:9- *Die Here verdraag nie die belofte soos sommige dit verdraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.* Christus was baie ernstig oor sy roeping toe Hy gesê het- Matr.23:37- **37** *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!* Die gelykenis wat ons in Mattheus 22 lees wys dan net nog weer hoe ernstig daar na die Here se roeping geluister moet word- vv 2-4 - *Die koninkryk van die*

hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het en sy diensknegte uitgestuur het om die genooïdes na die bruilof te roep, en hulle wou nie kom nie. Weer het hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die genooïdes: Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof.

Die erns van die Here se roeping en die wyse waarop die Here Self sy belofte sal nakom dat wie na die Here luister en op die bevel van die Here ag gee, sal gered word. Sulke mense het niks om voor bang te wees nie. Hoegenaamd is dit nie 'n geval van ek het dalk wou glo maar my geloof was tevergeefs nie. Nêe, die verlossing en die ewige lewe wat die Here aan hulle beloof het, sal Hy nie van hulle wegneem nie. Ons weet hoe die duiwel ons kan aanval. Die duiwel wil moedeloosheid teweegbring. Hy val ons dikwels lastig met vrae soos: “Is die verlossing regtig vir *my*? Is Sy belofte regtig vir *my*? Dit kan seker nie so wees nie. Sal ek nie eendag van die Here hoor: “Jammer, maar dit wat Christus gedoen het was *nie vir jou* nie?!” Dit wat ons in die deel van die Dordtse Leerreëls bely is baie belangrik wanneer sulke aanvegtinge oor 'n mens kom. Dit gee sekerheid oor die vraag: “Is die belofte van die Evangelie werklik *vir my* gegee?”

Ons moet hier weer daaraan terugdink wat ons reeds in hfst. 1 paragraaf 15 bely het- dit is nie 'n geval van ek het eers waarlik geglo en toe kan ek nie maar langer glo nie. Hulle wat op die einde nie waarlik glo nie, het nooit waarlik geglo nie, terwyl dit nie God se skuld is nie- Ons het in paragraaf 15 gesê- ...**dat nie alle mense uitverkies is nie, maar dat sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het besluit om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly. Daarin het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort. God het immers besluit om nie aan hulle die saligmakende geloof en die genade van die bekering te gee nie. Om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly en om hulle nie alleen oor hulle ongeloof nie maar ook oor al hulle ander sondes te veroordeel en ewig te straf. Dit is die besluit van die verwerping, wat God hoegenaamd nie tot bewerker van die sonde maak nie, want dit sou 'n godslasterlike gedagte wees; intendeel, dit sê juis dat God 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter is wat die sonde straf.**

Hier in vandag se gedeelte van die Dordtse Leerreëls bevestig dit maar net weer God is ernstig oor sy roeping en die leer oor die verwerping mag nie die erns van die roeping afwater nie. In 1 Pet.2:7-8 lees ons- *Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is*

Dit is soos wat Christus gesê het- (Matt.22:14) - *baie is geroep, maar min uitverkies*. Jakob en Esau was albei besny. Hulle het albei die verbondsbeloftes ontvang. Tog sê die Here: Jakob het ek liefgehad en Esau gehaat. Nie alle verbondskinders is uitverkies nie. Om dit te verduidelik kan ek nie, maar dit is hoe ons die Woord verstaan. Die feit dat ek by die verbond behoort, beteken dus nie *outomaties* dat ek ook uitverkies is nie of dat ek gered sal word nie. Vir wie het Christus immers gesterf? In Johannes 10:11 sê Christus Hy het vir sy skape gesterf... Dan die vraag maar wie is sy skape? Christus se antwoord kom daarop neer Dié wat die Vader in sy verkiesende liefde aan Hom gegee het, alleen hulle is sy skape. Paragraaf 8 sluit eintlik by die woorde van Christus aan as die Here sê - *Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder...*

Geliefdes, as ons vandag mag saamvat- ons kan nie uit onself tot geloof kom nie. Geloof moet ons van bó gegee word. Ons glo mos in die totale verdorwenheid van die mens. Van nature kan ons die goeie nie eens begeer of soek nie. Soos Christus sê: *sonder My kan jy niks doen nie*. Alles is afhanklik van die vrye welbehag van God. In Romeine 9 lees ons wat moeilik is om te verstaan maar wat kinderlik aanvaar word – vv.21-23: *Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? 21 Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie? God maak kleipotte wat ook tot oneer gemaak is. Dit is die kern van die leer dat nie alle mense uitverkies is nie. Daar is kleipotte wat ook tot oneer gemaak is.*


Vir ons wat hierna luister moet as geroepenes na die Here toe kom. Ons is almal klei in die Here se hande, maar die Here roep jou en Hy is werklik ernstig- *O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en*

sonder prys, wyn en melk. Indien God my uitnooi om te kom en om die water van die lewe te neem, wie is ek om dan daaraan te twyfel of Hy dit ook werklik bedoel? In Jes. 55:6-7 sê die Here verder ook: *Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldig.*

Die Here sê dit nie slegs vir die uitverkorenes nie, maar vir elke goddelose en kwaaddoener. Hy wil hê dat elkeen Hom soek, terwyl Hy te vinde is en dat elkeen hom tot die Here bekeer. Die belofte van die Evangelie is nie slegs vir die uitverkorenes bestem nie, want niemand weet wie dit is nie. Niemand kan hom beroem op sy doop met die gedagte dat alles dan *outomaties* in orde is nie. Dat jy gedoop is beteken nie *outomaties* dat jy uitverkies is nie. Nee, die verbond kom met beloftes en eise. Met die eis: glo in Jesus Christus. En die belofte: en jy sal gered word. Niemand kan die dringende oproep van die evangelie ontwyk met 'n beroep op die verbond nie. Die Jode kon dit ook nie doen nie. Baie van hulle het verlore gegaan, ook al was hulle na die vlees kinders van Abraham, ook al het hulle tot God se verbondsvolk behoort.

Wat beteken hierdie dinge nou vir jou as die aanvegting op jou afkom. Wie daarmee worstel, mag weet dat die HERE baie persoonlik na jou gekom het en gesê het: "Ek laat jou deel in die heerlike lewe wat Christus verdien het." As jy worstel en jy vlug daarmee na die HERE mag jy ook weet wat die Here Jesus gesê het: Joh.6:37- *Ek sal hom wat na My toekom, nooit uitwerp nie....* Hier sien ons hoe persoonlik Christus se liefde is vir elkeen wat op God se roepstem reageer. Gee ag daarop en jy mag weet my verstand kan dit wel nie alles uitpluis nie maar dit wat ek glo is dat God van my verwag dat ek my moet bekeer en lewe. Dan erken ons dankbaar en nederig ek verdien dit nie maar die Here gee dit aan u, net soos wat daar hulle is wat die Here nie die bekering en die geloof skenk nie, wat in alle geval deur hulle ongehoorsaamheid nie wou luister nie.

AMEN



Paragraaf 8

Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep

Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is:

Die geroepenes moet na Hom toe kom

In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo

Wat?

rus vir hulle siele

en die ewige lewe